

Vrydag 26 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 133

Fokusgedeelte: Psalm 133:1

Die wonder van broederliefde

Wanneer daar onenigheid en stryery tussen gelowiges is, is die hartseer van verdeeldheid en skeiding nooit ver nie. Aan die ander kant kan daar nie maar ter wille van die skyn van eenheid sekere beginsels prysgegee word nie. Jesus Christus het as Enigste Hoëpriester gebid dat sy dissipels waarlik een sal wees (Joh. 17:23). Eenheid, vrede en onderlinge gebondenheid is iets wat ons as gelowiges werklik moet opsoek en ook voor moet bid.

Psalm 133 is 'n psalm wat die wonder van broederlike eenheid besing. In die geskiedenis van Israel was daar baie voorbeelde van broederlike twis en tweedrag. Dink maar aan Kain en Abel, Jakob en Esau. Die teendeel is egter ook waar. Daar is die wonderlike broederlike vriendskap tussen Dawid en Jonatan, Josef wat hom met tranes van blydschap aan sy broers bekendmaak. Psalm 133 begin met 'n uitroep van verwondering wanneer die onderlinge liefde en eensgesindheid onder volksgenote besing word. Dit is inderdaad iets wonderbaar om te aanskou wanneer die stamme van Israel bymekaar kom om saam fees te vier en in die tempel te offer.

Benewens die wonder van die broederliefde stel die Psalm ook dat dit goed en lieflik is dat die broeders saamwoon. Dit is egter net goed en lieflik wanneer die eenheid deur die gawe van Christus en die Heilige Gees gewerk word. Die lieflike saamwoon van die broers in die volk is gebind aan die salwing van die hoëpriester. Die olie wat oor hom uitgegooi word, is beeld van die gawe en toerusting van die Heilige Gees. Dit is eindelijk die Gees wat gelowiges deur die bloed van Christus aan mekaar bind.

In ons dae is daar baie dinge wat gelowiges uit mekaar dryf. In hierdie dae is dit goed dat ons sal bid dat daar eenheid tussen broers en susters sal wees. Ons moet egter ook bid dat ons as een saamgebind sal wees deur die Heilige Gees, want daaruit spruit 'n ryk en oorvloedige seën soos die dou op die berghange van Hermon.

Psalm 84-1:1, 4

Ds. C Jooste (Christiaan) (Waterberg)